
# VAS & GEBED



freshkerk
NES JY IS

Ons is tans besig om na **Geestelike Dissiplines** te kyk.

Wat kan ek as volgeling van Jesus doen om my verhouding met die Here te verdiep?

Wat kan ek doen om geestelik te verdiep?

Ons het verlede week gesels oor stilwees en rus vind in die Here.

**Hierdie week gaan ons oor Vas en Bid gesels...**

Dink ons soms oor wat vas is?

Dink ons dit is vandag nog nodig om te vas?

Verstaan ons wat vas is?

Vas is iets waarvan ons gereeld in die Bybel lees, soms oor praat, maar amper nooit toepas in ons lewens as volgelinge van Jesus nie.

Hoekom is dit so?

Dit is asof ons bang geraak het om daaroor te praat, bang om daaroor te wonder, bang om daaraan te dink?

Vas is 'n baie belangrike Geestelike Dissipline en om dit goed toe te pas moet ons dit goed verstaan.

Ons wil graag 'n lewende, intieme verhouding met God hê.

Ons wil op God vertrou en op Hom staat maak, in die lekker en maklike tye, asook in die moelike tye.

Ons wil God ken en vir Hom lewe.

Ons wil in die wil van God lewe.

Ons kan in die wil van die Here lewe en Hom leer ken en 'n verhouding met Hom bou deur die Bybel te lees, en dan natuurlik deur om te bid, en om ons te leer hoe om op die Here staat te maak en onsself oor te gee vir Hom moet ons leer van vas en gebed.

# Matteus 6

## As julle armes help
1“Moenie julle godsdienstige pligte in die openbaar nakom om
deur mense gesien te word nie, want dan kry julle geen
beloning van julle Vader wat in die hemel is nie.
2“As jy byvoorbeeld armes help, moet dit nie uitbasuin nie. Dit
doen die skynheiliges in die sinagoges en op straat, sodat
mense met lof van hulle kan praat. Dit verseker Ek julle: Hulle
het hulle beloning klaar weg. 3Nee, as jy iets vir die armes gee,
moet jou linkerhand nie weet wat jou regterhand doen
nie, 4sodat jou goeie daad verborge kan bly. Jou Vader wat sien
wat verborge is, sal jou beloon.”

## As julle bid

5“Verder, as julle bid, moet julle nie soos die skynheiliges wees nie.
Hulle hou daarvan om in die sinagoges en op die straathoeke te staan en
bid sodat die mense hulle kan sien. Dit verseker Ek julle: Hulle het hulle
beloning klaar weg. 6Nee, as jy bid, gaan na jou kamer toe, maak die deur
toe en bid tot jou Vader wat jy nie kan sien nie. Jou Vader wat sien wat
verborge is, sal jou beloon.
7“Wanneer julle bid, moet julle nie soos die heidene 'n stortvloed van
woorde gebruik nie. Hulle verbeel hulle hulle gebede sal verhoor word
omdat hulle baie woorde gebruik. 8Moet dan nie soos hulle maak nie,
want julle Vader weet wat julle nodig het, nog voordat julle dit van Hom
vra.

9“So moet julle bid:
“Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word;
10laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in
die hemel. 11Gee ons vandag ons daaglikse brood;
12en vergeef ons ons oortredings soos ons ook dié vergewe wat teen ons
oortree; 13en laat ons nie in versoeking kom nie maar verlos ons van die
Bose. Aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in
ewigheid. Amen.”
14“As julle ander mense hulle oortredings vergewe, sal julle hemelse
Vader julle ook vergewe. 15Maar as julle ander mense nie vergewe nie, sal
julle Vader julle ook nie julle oortredings vergewe nie.”

## As julle vas

16“As julle vas, moet julle nie soos skynheiliges met lang gesigte
rondloop nie. Hulle mismaak hulle gesigte sodat die mense kan sien dat
hulle vas. Dit verseker Ek julle: Hulle het hulle beloning klaar
weg. 17Nee, as jy vas, versorg jou hare en was jou gesig 18sodat
niemand kan sien dat jy vas nie, behalwe jou Vader wat jy nie kan sien
nie. Jou Vader wat sien wat verborge is, sal jou beloon.”

Jesus preek hier vir ń klomp mense by die berg prediking. Mense het van ver af gekom om vir Jesus te hoor praat nadat hulle van al die wonderwerke gehoor het wat Hy gedoen het. Al Sy dissipels was daar, en met al hierdie mense daar leer Jesus vir hulle ware Christelike waardes en beginsels tot ‘n opregte lewe en hoe om ‘n Christen te wees.

Sien julle dat Jesus oor "gee, bid, vergifnis en vas" praat met 'n verwagting dat Sy volgelinge dit gaan doen?

Is ons besig om volgens hierdie maatstaf te lewe?

# WAT IS VAS?



**VAS is ‘n geestelike dissipline waar ons vir ‘n spesifieke doel en vir ‘n spesifieke tyd nie afhanklik is van kos nie, maar afhanklik is van God.**


HOEKOM VAS ONS?

Vas laat ons die wil van die Here verstaan en bid eerder as om vir ons eie wil te bid. Vas laat die Heilige Gees kragtig werk deur ons toegewyde gebede.

# Jesaja 58:6

6Is die vas wat Ek wil hê, nie dít nie:

om dié wat onregverdig gevange gehou word, te bevry,

om die juk wat op mense druk, af te haal,

om verdruktes vry te maak,

om elke juk te breek?

# Hoekom is dit belangrik om te vas?

# Eksodus 34:28

28Moses was veertig dae en nagte by die Here. In dié tyd het Moses geen kos geëet of water gedrink nie. Hy het die verbondsbepalings, die tien gebooie, op die plat klippe geskryf.

# 2 Kronieke 20

2Josafat het berig gekry: “'n Groot
menigte van oorkant die Dooie See,
van Edom af, het teen u opgetrek.
Hulle is al by Gaseson-Tamar, dit is
En-Gedi.”

3Josafat was bang en het by die Here
hulp gesoek. Hy het 'n vasdag in die
hele Juda uitgeroep, 4en die Judeërs
het bymekaargekom om die hulp van
die Here te vra. Uit al die stede van
Juda het hulle gekom om die Here se
hulp te vra.

# Daniël 9

2In sy eerste regeringsjaar het ek,
Daniël, uit die Skrifte vasgestel dat
volgens die woord van die Here wat
tot die profeet Jeremia gekom het,
Jerusalem sewentig volle jare 'n
puinhoop sou wees. 3Daarom het ek
my na die Here God gewend in
gebed en smeking: ek het gevas,
rouklere aangetrek en as oor my kop
gegooi.

4Ek het tot die Here my God gebid en
bely:

20Terwyl ek nog praat en bid en my sonde en die
sonde van my volk Israel bely en by die Here my God
pleit vir sy heilige berg, 21terwyl ek nog so aan die bid
was, het Gabriël, die man wat ek die vorige keer in die
visioen gesien het, by my aangevlieg gekom. Dit was
die tyd van die aandoffer. 22Hy het my kom inlig en vir
my gesê: “Daniël, ek het gekom om jou deeglik in te
lig. 23Toe jy met jou smeekgebed begin het, is daar 'n
antwoord gegee, en ek het gekom om dit vir jou te
vertel, want God het jou lief. Gee dus ag op wat ek sê,
sodat jy die visioen kan verstaan.

# Nehemia 1:4

4By die aanhoor van dié woorde het ek gaan sit en gehuil en dae lank getreur. Ek het gevas en tot die God van die hemel gebid.

# Lukas 4:1-2

1Jesus het vol van die Heilige
Gees van die Jordaan af
teruggekom, en deur die Gees is
Hy na die woestyn toe
gelei, 2waar Hy veertig dae lank
deur die duiwel versoek is. Die
hele tyd het Hy niks geëet nie,
sodat Hy aan die einde daarvan
honger was.

Ons lees so baie van mense wat gevas het voordat iets groots gebeur het, soos Moses wat gevas het vir 40 dae net voor hy die 10 gebooie ontvang het.

Die Israeliete het gevas voor hulle ‘n oorwinning gekry het.

Daniël het gevas om leiding van die Here af te kry.

Nehemia het gevas voor sy groot bou projek.

Jesus het 40 dae lank gevas terwyl Hy versoekings oorwin het en net voor Sy bediening begin het om Hom voor te berei.

# Wat moet ek VAS en hoe lank moet ek vas?

**Daar is klomp verskillende vasse en die tyd word deur die Heilige Gees bepaal, of deur die omstandighede.**

**Vas kan van alle kos wees, of 'n "gedeeltelike vas" kan van 'n sekere ete wees, of van 'n seker kos soort of groep.**

Moses het geen kos geëet nie vir 40 dae voor hy die 10 gebooie gekry het.

Jesus het geen kos geëet nie vir 40 dae voor Sy bediening begin het.

Daniël het net groente geëet todat die tyd gekom het om homself te bewys aan die koning.

Nehemia het geen kos geëet nie terwyl hy toegewyde gebede gebid het voor sy groot bou projek.


PRAYER & FASTING

## Die vraag is: vir wat vas ons? en hoe vas ons?

**Dalk is daar ‘n familie krisis wat net God kan uitsorteer, of ‘n vriend wat ‘n rowwe lewe leef wat rigting nodig het, of ‘n kind wat siek is of iemand wat sukkel. Daar kan ‘n klomp redes wees waarvoor ons kan vas.**

**As jy nie weet waarvoor jy kan vas nie, vas dan vir jou verhouding met die Here en ‘n verdieping in jou geestelike lewe met God.**

**Vas gaan oor toewyding aan die Here. Dit is vir Sy glorie en vir Sy wil wat ons vas.**

**Wat jy vas moet jy self bepaal. Vas is om van kos te staak. So dit kan net een ete wees, of 'n dag se etes, of 3 dae of 7 dae. Die tydperk van die vas moet jy bepaal voor jy begin vas, want die vas moet doelgerig wees. Vas vir 'n spesifieke rede en vir 'n spesifieke tyd.**

**En onthou om te bid gedurende jou vas.**

